5 Augustus 2009

Mnr Vernon Solomon en Selgroep
INSBRO Insurance Administrators
Posbus 54
BELLVILLE
7535

Beste Vernon en Selgroep

Graag wil ons personeel jou hartlik bedank vir die skenking van twee rekenaars. Ons wil jou verseker dat ons hierdie pragtige gebaar werklik opreg waardeer en ons werk daardeur meer gemaklik maak. Ek het die rekenaar by my huis sommer dadelik in gebruik geneem en kan nou noodsaaklike besigheidsbriewe van die werk tuis doen.

Verder wil ons julle selgroep ook opreg bedank vir die sak met kleingeld. Die mooi bedrag van R 200.50 is saam met ons kollektegelde vandag gebank. Met hierdie donasie kan ons alweer 20 etes aan behoeftige bejaardes verskaf. Ingesluit vind kwitansie No 62821 vir genoemde bedrag.

Mag die Here julle as gesin asook die selgroeplede werklik ryklik seën. Julle hou deur jul betrokkenheid ons hande omhoog en help ons daardeur om ons naaste in die omgewing te dien.

Groete.
TYGERBERG DIENSSENTRUM VIR BEJAARDES
EN MOBIELE ETES

.....
LINDA LOUW : BESTUURDER